# Weermag toets hom in digitale oefening

## Soldate in gesimuleerde gevegte verteenwoordig

Erika Gibson

Die weermag is besig om sy eerste treë na die wêreldslagveld te gee terwyl die wêreld in spanning wag op die eerste skote in die VSA se oorlog teen terreur.

Oefening House 2001 vind weliswaar in die stowwerige weermagopleidingsterrein by Wallmannstal, noord van Pretoria, plaas, maar die tegnologie in dié digitale oorlog is ver van die tradisionele en konvensionele militêre oefening verwyderd.

Dié oefening is 'n meer bekostigbare plaasvervanger vir die jaarlikse oefening by die Leërgevegskool in Lohatlha in die Noord-Kaap waaraan duisende soldate deelneem.

Volgens brig.genl. Mucho Delport, bevelvoerder van 46 SA Brigade en een van die land se twee snelontplooiingsbrigades, word die oefening gedoen om die bevel- en beheerstruktuur van die weermag in 'n operasionele ontplooiing te toets.

Dit is 'n ten volle digitale oefening waarin gevegsituasies op rekenaar nageboots word. Die soldate word in die gesimuleerde gevegte verteenwoordig.

Al die gewone eenhede wat by só 'n oefening betrokke sou wees, neem deel en dieselfde prosedures word gevolg, maar dit bring die konsep van tydige rekenaarinligting tot op die "slagveld".

Volgens Delport vervang die nabootsings nie die werklike gevegsvoorbereiding van die brigades nie. 46 SA Brigade wat normaalweg in Kensington in Johannesburg gestasioneer is, is meer as 90% gevegsgereed wat sy soldate en toerusting betref.

Volgens kol. Wally Vrey, senior stafoffisier van operasies, is dié oefening die manier waarop werklike situasies in die toekoms ook gehanteer gaan word.

Volgens hom kan min weermagte dit vandag bekostig om 'n gebied te verwoes om militêre doelwitte te bereik.

"Die meeste weermagte gebruik dié stelsel toenemend, omdat dit koste-effektief en meer doeltreffend is. Suid-Afrika is maar aan die begin van sy leerkurwe op dié terrein, maar is nie heel agter nie. In die Suider-Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) is ons heel voor," sê Delport.

Volgens kol. Theo Wilken, bevelvoerder van die Gevegspelesentrum by die oefening waar die nagebootste gevegte geïnisieer word, is só 'n stelsel buite die bereik van die meeste SAOG-lande.

Van dié lande se offisiere w like stafkursusse bywoon, wo in sekere aspekte van dié soor voering opgelei. "In die toeko neer meer gesentraliseerde o 'n werklikheid word in die st almal daarby kan baat vind."



**Soldate voer 'n gesimuleerde oorlog sonder dat 'n enkele skoot geskiet word. Dié rekenaartegnolog tans by 'n magsvoorbereidingsoefening buite Pretoria gebruik om bevel- en beheerprosedure te ve**

Foto: BRENDAN

■ egibson@beeld.com